

ecsponent
bele met die tye

ecsponuus

NUUSBRIEF | JULIE | 2016

Ecsponent se JSE deurbraak



Dr. Anton Hay - Bemarkingsdirekteur
Ecsponent Financial Services

Daar is geen keer aan Ecsponent se groei nie, ongeag die onsekere finansiële klimaat wat tans heers. Van 20 Junie, verhandel die groep se gewone aandele op die JSE se hoofraambeurs onder "Finansiële Dienste – Gespesialiseerde Finansiering."

Dié mylpaal, is behaal danksy deurlopende groei die afgelope vyf jaar en Ecsponent se voldoening aan die JSE se streng noteringsvereistes. In die afgelope finansiële boekjaar - tot einde Desember – het die groep se inkomste met 178% toegeneem, terwyl bates met 210% gegroei het.

Ecsponent was oorspronklik in 1998 op die waagkapitaal afdeling van die JSE genoteer, met twee filiale. Onder die leiding van 'n nuwe bestuurspan wat in 2010 die leisels oorgeneem het, het die groep vandag 22 filiale in vier lande en is voorbereid om die laaste vyf jaar se groeitrajek te volg.
Die verskuiwing na die hoofraambeurs sal na verwagting meer likiditeit tot gevolg hê aangseien die maatskappy se aandele nou meer geredelik op die hoofraambeurs sal verhandel. Die verwagting is ook dat die skuif sal help om die groep se doelwit, om die koste van kapitaal te verminder, te bereik wat die wins sal vermeerder.

Omdat Ecsponent reeds 'n geruime tyd op die JSE genoteer is, sal die groep aanhou om beleggingskapitaal te vermeerder deur die voorkeuraandeleprogram. Die JSE het goedgekeur dat tot R5 miljard in Ecsponent se voorkeuraandele, Klasse A, B en C, belê kan word.

Die JSE is een van die bes gereguleerde aandeelbeurse ter wêreld en met 'n markkapitalisasie van $150 miljard word dit as die poort tot beleggings in Afrika gesien. Die soliede infrastruktuur en moderne stelsels lok veral internasionale kapitaal. Die JSE se rol is om as waghond op te tree deur konsekwent met vaste reëls in belang van beleggers optree.

Met die moedermaatskappy, sowel as sy produkte wat op die beurs genoteer is, kan beleggers nie verkeerd gaan nie.

Beleggings en risiko

Wat beteken risiko eintlik?

Wanneer dit oor beleggings gaan is risiko en sekuriteit gewoonlik twee kante van dieselfde munt. Natuurlik wil almal hoë opbrengste hê, en vergeet dan dikwels dat risiko 'n belangrike deel van enige belegging uitmaak.

Ons loop permanent die risiko dat opbrengste moontlik nie aan ons verwagtinge sal voldoen nie. Vloeibare markte gee beleggers slapelose nagte oor hulle neseiers. Sake soos Brexit en ons kredietgradering bring groot bekommernis. Aan die ander kant is daar die gevaar van te konserwatief wees met beleggings en dan nie daarin slaag om inflasie te klop nie. Waar lê die werklike gevare en hoe kan ons dit oorkom?

Risiko binne onsself

Mense dink gewoonlik dat die grootste risikofaktore ekstern is, maar die realiteit is dat dit in onsself lê. Emosie speel 'n groot rol in ons oordeelsvermoë en dan vervaag die verskille tussen verwagtinge en die harde werklikheid. Stres en vrees laat ons liggame 'n chemiese stof afskei wat ons moet beskerm teen oorreaksie.

Hierdie inhoud is slegs vir inligtingsdoeleindes en moet nie as advies beskou word nie.

Beleggings en risiko

Ons reageer gewoonlik op 4 maniere: veg- verdedig die belegging ten alle koste; vlug- klim uit en volg die groep; vries- doen niks of vrees- maak 'n verkeerde besluit. Al hierdie reaksies is nadelig en verhinder objektiewe besluitneming.

Die risiko moet altyd eers geanaliseer word voordat 'n besluit geneem word. Ons as beleggers se hoofdoelwit is om verliese te voorkom, maar om jou neseier te bewaar of jou bates te laat groei sal jy 'n berekende risiko moet neem. Daar is nie goeie opbrengste met geen risiko nie.

Soorte risiko

1. Markrisiko

Dit is bloot die kans dat die waarde van jou belegging kan val as gevolg van markveranderinge wat deur verskeie faktore beïnvloed word. Faktore soos verandering in marksentiment of rentekoerse en geldmarkte is gewoonlik buite ons beheer. Finansiële markte word ook baie sterk beïnvloed deur politieke spanning, aanvalle en onluste op alle vlakke.

2. Die risiko van inflasie

Een van die grootste risikos waaraan 'n belegger blootgestel is, is dat sy opbrengs nie inflasie klop nie. Koopkrag verminder en dieselfde hoeveelheid geld kan al hoe minder goedere koop. Die gevolg is dat jy langer kan hou as wat jou geld hou.

3. Risiko van konsentrasie

Al jou geld behoort nooit in dieselfde klas belê te word nie en 'n goeie verspreiding is noodsaaklik. Diversifikasie verminder jou risiko van kapitaalverlies of onderprestasie.

4.Likiditeitsrisiko

Daar moet altyd beskikbare geld wees vir die onvoorsiene.

5.Kapitaalrisiko

Jy kan kapitaalverlies hê as die maatskappy of die beleggingsvoertuig probleme optel.

6. Risiko van hoë fooie

Spaar- en beleggingsprodukte in Suid-Afrika is van die duurste ter wêreld. Doen moeite om laer fooie te beding, want dit kan 'n reuse verskil op jou eindbedrag maak.

Bestuur jou risiko

Gesoute beleggers ontleed hulle beleggingsopsies baie noukeurig ten opsigte van risiko en opbrengs. Sekere risikos kan bestuur word en ander moet totaal en al vermy word. 'n Kundige finansiële adviseur kan jou hiermee bystaan.

Grootte hou ook risiko in, veral vir groter maatskappye

Groot en klein maatskappye is blootgestel aan risiko terwyl die kleineres net somtyds makliker aanpas by markomstandighede. Die beloning is groot vir die belegger as die maatskappy sy risikos effektief bestuur terwyl alle maatskappye aan dieselfde regulasies onderworpe is. Geoie korporatiewe bestuur is gewoonlik beter as grootte in isolasie gesien.

Vloeibaarheid en risiko- nie dieselfde

Oor dekades het aandele beter presteer as enige ander beleggingsklas en sedert 1961 was daar nog nooit negatiewe groei vir vyf opeenvolgende jare nie. Ons moenie vloeibaarheid met risiko verwar nie, want op die aandelebeurs besit jy aandele wat jou 'n mede-eienaar van die maatskappy maak en waar jy in die winste deel. 'n Goeie maatskappy sal altyd groei, afgesien van die op en af momente.

Voorkeuraandele verlaag jou risiko

Voorkeuraandele is 'n goeie opsie as jy in aandele belangstel. Ecsponent se Klas B voorkeuraandeel bied 'n vaste koers van 11.2% per jaar of 14% enkelvoudig oor vyf jaar. Omdat jou koers vas is, verminder dit die risiko van die mark of inflasiestygings. Kapitaalrisiko word verminder deur die streng reels van die JSE en daar is nie koste vir die belegger nie. Ecsponent se maatskappye is wydverspreid oor talle bateklasse om risiko te verminder. Ons produkte klop inflasie en bied bogemiddelde geleenthede vir maksimum opbrengs.